St Paulus Preprimêre en Primêre Skool
NUUSBRIEF

(012) 804-9670
(012) 804-5039

Mev M. Gorst-Allman

www.saschools.co.za/stpaulus

Nr. 1

13 Januarie 2010

Beste Ouers

Welkom terug aan al ons huidige gesinne en ‘n spesiale St Paulus welkom aan alle nuwe leerders en hulle ouers. Ek wil graag van die geleentheid gebruik maak om almal te bedank vir die wonderlike geskenke, kaartjies en briewe wat aan die einde van die skooljaar ontvang is. ‘n Aantal ouers het ook geskryf om individuele leerkragte te bedank vir die positiewe impak wat hulle op die lewens van hul kinders gehad het. Ek is dankbaar vir hierdie terugvoer want dit laat ‘n mens selfs meer betekenisvol voel wanneer dit erken word. Ek het probeer om per e-pos almal wat my gekontak het, persoonlik te bedank. Ek vra om verskoning as ek iemand uitgelaat het, en bedank almal kollektiewelik.

FIFA WÊRELDBEKER TOERNOOI – 2010

Die media-opgewondenheid rondom die FIFA Wêreldbeker Toernooi is al klaar besig om op te bou en ek is seker dat vertakkings van hierdie gebeurtenis vir die volgende paar maande voorkeur in ons kinders se lewens sal geniet! Dit is raadsaam om hulle aan te moedig om soveel as moontlik inligting te bekom oor die verskillende lande wat verteenwoordig gaan word, in watter kategorieë hulle val, en interessante feite oor die spanne en individuele spelers. Dit sal hulle help om die nodige navorsingsvaardighede aan te leer en om by te hou by die sake van die dag. Ek is seker hulle sal baie geleenthede hê om hulle inligting gedurende die volgende paar maande te deel.

OM TE BEGIN

Daar is nie ‘n beter tyd as die huidige om doelwitte te stel en ‘n positiewe begin te maak aan ‘n nuwe jaar nie. Kinders floreer op struktuur, leiding, ondersteuning en positiewe versterking. Die ou sêding “Niks slaag soos sukses nie” is definitief waar en ons moet soveel as moontlik geleenthede vir ons kinders skep om die vreugde van sukses te ervaar. Ons moet leer om te loop voor ons kan hardloop, en ons eerste pogings is “klein treetjies, en dieselfde geld vir die leerproses. Elkeen van daardie klein treetjies en elke klein bousteentjie wat in die proses van leer lees, skryf, uitreken, komputeer, memoriseer en kennis toepas, is ‘n waardevolle stap. Ons kinders is God se geskenke aan die wêreld en die hoop vir ‘n blinker toekoms. Ons het dus die voorreg en die verantwoordelikheid om hulle op te voed en te laat groei in vennootskap – ouers as primêre, en leerkragte as sekondêre, versorgers. Vir ons kinders se onthalwe - kom ons vat hande van die begin af en versterk die vennootskap:

GOUE REËLS VIR OUERS EN LEERKRAGTE – OM ELKE KIND TE HELP OM “Iets pragtigs vir God” TE WORD.

Skep duidelike grense.
Dissiplineer ferm maar met deernis.
Kommunikeer verwagtinge – maak dit realisties en bereikbaar.
Wees konsekwent.
Leer om sonder voorbehoud lief te hê.
Gee opregte, positiewe terugvoer – “Prys, Prys, Prys!”
Voor klein foutjies of die negatiewe raakgesien word, probeer konsentreer en benadruk die positiewe.
Hou God in die kern van alles wat ons doen.
Neem alle besluite tot voordeel van ons kinders.
Werk saam ter wille van ons kinders.
Wanneer daar ‘n probleem of ‘n bekommernis is, hoe klein ook al, kom bespreek dit en werk saam om ‘n oplossing te vind.
Wees altyd bereid om voor te begin.

DIE BESLEGTING VAN GESKILLE

Alhoewel ons ons bes doen en toegewyd is daaraan om ons Dominikaanse etos toe te pas, is ons menslik en daar sal tye wees wanneer ons as gevolg van oormatige druk en stres oordeelsfoute (werklik of waargeneem) sal maak. Ek nooi u uit om, indien u 'n bekommernis het, dit met my, een van die Departementshoofde, of 'n leerkrag, te kom bespreek. Dit is makliker om die Skoolkantoor te kontak om 'n afspraak te maak sodat u verseker kan wees van die betrokke personeellid se onverdeelde aandag. U kan egter altyd 'n kans vat en inloer, en indien ek beskikbaar is, sal ek meer as bereid wees om 'n gesprek te voer. Moet asseblief nie leerkragte op pad klas toe vertraag nie, aangesien klasse nie betyds kan begin nie en kinders met geen toesig geneig is om kwaad te doen. Enige dringende boodskappe vir leerkragte kan vir die Kantoorpersoneel gegee word en hulle sal verseker dat die betrokke leerkrag die boodskap betyds ontvang.

OM TE ONTHOU

St Paulus is 'n selfoon-vrye kampus. Kinders mag nie selfone by hulle hê nie. Boodskappe kan by die Kantoor gelos word. Kinders mag ook die skool se telefone (in die Kantoor of by Nasorg) gebruik om ouers na-ure te skakel indien daar 'n probleem is betreffende vervoer, of ten tyde van enige ander noodgeval. Nasorg no: 083-442-1472 [12:30 – 17:30].



Herwinning is 'n leefwyse! Ondersteun asseblief ons herwinnigsinisiatiewe. Was en "squash" alle items, en skei items soos papier, glas, plastiek, polesterien en bring op Donderdae alle herwinbare items na ons eie "Herwinningsdorpie". Ons hoop om u daar te sien!
"HERGEBRUIK – VERKLEIN – HERWIN"

TERMYNKALENDER

Dit is weer elektronies uitgestuur. Let asseblief op dat die skool vir die einde van die eerste kwartaal op Vrydag, 26 Maart sluit.
Indien enige iemand harde kopieë van die verskeie kalenders en namiddagroosters wil hê, kry dit asseblief by die Skoolkantoor.

Mag u 'n ontspanne naweek saam met u kinders hê!

VOLGENDE WEEK
Maandag, 18 Januarie
*Sport Informasie-sessie vir Ouers:
01:25 – 01:55 nm
04:00 – 04:25 nm
*Dit sal 'n vraag-en-antwoord sessie wees vir enige ouer wat graag die Afrigters wil ontmoet.
Dinsdag, 19 Januarie
Ouers Inligtingsaand – in die Saal
17:00 – 19:00 nm
Krieketproewe
Vrydag, 22 Januarie
Begin-van-die-Jaar Mis

LEARN TO SWIM begin Maandag, 18 Januarie.

WAYS TO MAKE 2010 YOUR BEST YEAR YET
(from *62 Ways to make 2010 your best year yet* by Robin Sharma)

Lift people up versus tearing them down.
Surround yourself with positive, ethical people committed to excellence.
Believe in your dreams (even when others laugh at them).
Measure your success, not by your net worth but by your self worth (and how happy you feel).
Regardless of your title at work, be a team builder.
Say "please" more. Say "thank you" more.
Focus less on making money and more on creating value.
Leave everything you touch better than you found it.
Be the most positive person in every room you're in.
Stay true to your deepest values and best ideals.
Commit to doing great work – whether anyone notices it or not.
Give more than you receive.
Demand the best from yourself.
Smile. It's a stunningly effective way to win in business and life.
Reflect on the shortness of life.
Own beautiful things but don't let them own you.